**Notule** van die **5de** Gewone Maandelikse vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 28 Julie 2015**

om **10:05**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede** SM Motsoane [Speaker], GP Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, M Furmen, J Bostander, L Deyce, GT Murray, DE Welgemoed, AD Willemse en R van der Linde

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

**Afwesig** Raadslid AM Slabbert (*verskoning*) en EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester]

**In diens** Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Finansiële Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapdienste [LE Lawrence] en Senior Klerk: Komitees

Raadslid L Deyce open die vergadering met gebed.

## 1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

**GEEN**

## 2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID
3/4/1

| Raadslid/Heer | Verlof Datum |
|---|---|
| Raadslid M Furmen | 30 - 31 Julie 2015 |
| Raadslid L Deyce | 29 - 31 Julie 2015 |
| Raadslid AM Slabbert | 29 - 31 Julie 2015 |
| Raadslid GP Adolph | 30 - 31 Julie 2015 |
| Raadslid G de Vos | 1 - 2 Augustus 2015 |
| Raadslid GT Murray | 24 - 04 September 2015 |
| Raadsheer T Prince | 30 Julie 2015 |

**3. GOEDKEURING VAN NOTULES –**

Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat die notules vervat onder items 3.1 tot 3.3 soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word, met dien verstaande dat die volgende regstelling aangebring word:-

3.1 3de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 31 Maart 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

3.2 4de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Vrydag 29 Mei 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

3.3 Spesiale Vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Vrydag 10 April 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

3.4 Spesiale Vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Maandag 08 Junie 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**6. BELEID: WAARNEMING IN ARTIKEL 57 POSTE**
4/6/1/3

dkd Dat Item 6 op Bladsy 33 oorstaan en terugverwys word na ŉ Gewone Maandelikse Raadsvergadering vir bespreking.

Dat Item 7 op Bladsy 33 soos volg moet lees:-

**7. AANSOEK OM GEBRUIK VAN GEDEELTE GROND TE MURRAYSBURG: ANEX**
7/3/4/1/1

ba Dat goedkeuring verleen word dat die gedeelte van erf 249, Murraysburg soos aangedui op Bylae 048 van die agenda, vir ŉ periode van 9 jaar en 11 maande gratis aan Anex verhuur word met dien verstande dat sou die Raad die grond benodig Anex vooraf in kennis gestel sal word om te ontruim. Voorts dat Anex aansoek doen vir die hersonering van die gedeelte grond en die sluiting daarvan as ŉ openbare pad.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER
3/4/1

Al wat ek net wil sê is dat ons daar buite met 'n hewige groot probleem sit, daar is mense wat krag gesteel het en wat onder die ou besluit geressorteer het, sit onder die ou besluit, daar was gesê daar was verslappings aan die kredietbeheerbeleid gemaak is waarvan ek nie weet nie. Ek se dit onder korreksie. Daar is mense wat krag gesteel het en moet hulle 50/50 krag betaal en 70/30 en 100 % maar dit lyk vir my sonder dat ons die kredietbeheerbeleid verslap het, is daar gesê dat dit verander sonder dat die Raad daarvan kennis dra, en nou moet hulle die volle rekening betaal. En om net af te sluit wil ek net se daar is 4 tot 5 mense in een huis nie ene van die mense werk nie, mense kom om 'n reëling aan te gaan en dan wil ons nie die reëling aanvaar nie. As jy moet R2000 betaal dan moet jy betaal, maar as daar is 6 mense in die huis en dan wil ons hulle nie aan die hand neem nie. Dat die kredietbeheerbeleid voor die Raad moet dien vir bespreking en sodat ons kan kyk of ons so 'n besluit geneem het.

Baie dankie.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER
3/4/1

Baie dankie mnr. Die Speaker

In die eerste instansie wil ek graag van die geleentheid gebruik maak om alle Direkteure en Munisipale Bestuurder te bedank vir die ordentlike samewerking tydens die besoek van die NCOP, voorlegging, beantwoording van die vrae. Mnr. Smit ek dink die hele komponent het die geniet toe dit kom by die suiwerings gedeelte. Mense het nie gedink dat ons so baie eerste plek gekry het nie, oor die breër spektrum was ek baie beïndruk vanaf die DA en ANC was hulle baie beïndruk ten opsigte van dienslewering in die Wes-Kaap. Ons het ook gesien hoe daar pogings aangewend word vanaf die DA se kant af Raadslid Welgemoed spesifiek se kant af wat probeer het om ons sleg te laat lyk, om arme mense wat nie weet wat in Plaaslike Regering aangaan te laat vrae vra wat hulle self nie ook verstaan nie, om ons sleg te laat lyk, maar dit is seker ook deel van die politiek, maar ek moet sê ek was trots op u, u het die kapasiteit om die Raad verder te neem. Die manier hoe die Direkteur: Finansiële Dienste en die Munisipale Bestuurder die vrae beantwoord het, mnr. Smit en ook u bydrae Mnr. Van Staden vanaf die elektrisiteit se kant af. Hulle net pessimisties gekom na Beaufort-Wes met hul teruggaan het hulle 'n heel ander gesig gesien. Hulle het baie pessimisties gekom na Beaufort Wes toe maar hulle is verras.

Ons was by die Youth Hub gewees ons het daar ernstig gepraat, oor ons instandhoudingsprobleme wat ons het, systems wat ons vanaf die nasionale probleem wat ons het en ons dit later nie kan instandhou nie ons het ons goeie beeld voorgehou en is ek bly daar voor. Ek wil ook egter sê hier is 'n stuk ek het met Raadslid Bostander gepraat, baie dankie mnr. Smit oor die voorlegging rondom Rustdene Sportgronde u moet net se as dit te veel is dat ons dit moet verminder.

Dan wil ek ook noem ons is belowe die Extended Public Works Program begin vandag, ek wil hê miskien later mnr. Speaker moet ons met die Direkteure byeenkoms om te weet hoeveel mense ons in die program moet sit sodat ons nie deurmekaar kan word nie.

Dan beplan ek ŉ massavergadering waar ek al die Direkteur teenwoordig wil hê, dus nou Donderdag aand ek het die Skoolsaal gekry sodat ons Wyk 2 en Wyk 7 se mense kan vergadering.

Dan wil ek sê ek is baie teleurgetel in die Verkeersafdeling daar moet ŉ vergadering belê word met die hele Bestuurspan. Ons het ernstige probleem, ek kon nie in my wildste drome dink dat die hele Bestuurspan afwesig, kinders moet getoets word en niemand was daar nie ons weet nie waar is die sleutels nie. Ons het iemand gaan haal om die kinders te toets, die Toetskamers se sleutel was gesoek, die Hoof was nie daar nie, en die persoon wie moes waarneem het voor ŉ verwarmer gesit en gesê hy het geen brief gekry dat hy waarneem nie. Is Chaos menere, is chaos by die Verkeersdepartement, ons gaan nie speel met u nie. As hier ondersoek gedoen word, gaan mense hulle werk verloor. Ek is nie bereid om my werk te verloor as ŉ Raadslid as gevolg van Direkteure en Administrasie wat nie hul werk doen nie. Almal wat daar was se dit gaan maar so. Ek vra die vir Munisipale Bestuurder en die Direkteure as daar nie opgetree word nie sal ons optree. Is absoluut hartseer as jy ŉ rol ín ander mense se lewens gespeel het jy het hom indirek gehelp en ook direk. Die respek is nie daar nie ek nie op die huidige oomblik is die Verkeer vir ons as Raad ŉ sieraad nie. Ons het in ons se koukus bevestig dat ons met die Vakbonde praat dat die dissiplinêre sisteem in plek gestel word. Daar is geen manier hoe ons die Raad kan bestuur sonder dissipline nie, dit moet afgehandel word binne die week. As ons praat van dissipline dan praat ons van top tot bottom en bottom op. Ek met die voorlegging wat ons gedoen het lê daar kapasiteit in ons Direktorate en ek dink ons kan ons omstandighede verander ons kon brek op ŉ hele eerste in die hele land. Wat my betref het ek met beide groepe DA en ANC se lede in gesprek getree en hulle was tevrede met die beantwoording van die vrae, so op daardie noot baie dankie ons gee erkenning aan u goeie werk, hou aan met die goeie werk.

Weereens baie dankie.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

### 6.1 HANSRIVIER

Die Uitvoerende Burgemeester lig die vergadering waarin op Hansrivier gebeur het en wil graag weet of die grond waarop die mense die hout gemaak het deel van Hansrivier is. En dat mense inlig word van inheemse plante om dit nie uit te roei nie. Die huurder, mnr. Engelbrecht en sy vrou, Me. Engelbrecht die mense met die honde van die perseel af weghou om hout te maak. Dat die mense toestemming verleen word om hout te maak.

Mnr. Engelbrecht meld aan die Raad dat mense op Vrydag, 24 Julie 2015 hout op Hansrivier gemaak het en dat hul die Polisie gebel het, maar nie opgedaag het nie. Hy meld ook dat die hy foto’s beskikbaar het waar die mense die hout gemaak het.

**BESLUIT**

dcs

6.1.1 Dat die kontrak van Hansrivier binne die volgende 3 dae ter tafel gelê word en bespreek word.

6.1.2 Dat die Direkteur: Ingenieursdienste ondersoek instel of daar beskikbare grond is om hout te maak op Hansrivier en 'n volledige verslag voorlê vir verdere bespreking.

Raadslid AD Willemse meld dat as gevolg van die feit dat daar baie belangstelling in hout maak is, 'n advertensie in die plaaslike koerant geplaas word en dat die maak van hout nie net oop is vir sekere mense nie.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**GEEN**

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 LANGDIENSTOEKENNING
4/6/1/6

**KENNIS GENEEM**

### 8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES
SP

**NOTED**

### 8.3. DRAFT MUNICIPAL CORPORATE GOVERNANCE OF INFORMATION AND COMMUNICATION TECHNOLOGY POLICY AND IT-RELATED POLICIES
(2/7/B)

That the draft Municipal Corporate Governance of Information and Communication Technology Policy and IT-Related Polies already been approved at a Council meeting held on 30 June 2015.

**NOTED**

### 8.4 OUTSTANDING MATTERS: FINANCIAL TURNAROUND STRATEGY: AFTER HOURS
5/1/2/1

**RESOLVED**

bp

8.4.1 That the item with regards to shift workers be tabled at the next Special Council meeting for discussion.

8.4.2 That a meeting be convened on 5 August 2015 with the personnel who are involved in the above-mentioned matter be engaged with.

**8.5 SEKURITEITE: ABSA BANK: HANDTEKENING MAGTIGING**
5/8/2

**BESLUIT**

dkd

Dat goedkeuring verleen word dat die Sekuriteite weggeneem word by ABSA Bank en oorgeplaas word na Crawfords Prokureurs, aangesien laasgenoemde as die Raad se Prokureurs optree en hierdie diens gratis aan die Raad sal verskaf.

**8.6 VERSLAG AANGAANDE ONGEMAGTIGDE BANKDEBIETE**
5/8/2

**AANBEVELING**

dkd

8.6.1 Dat hierdie aangeleentheid as 'n staande item op die Raadsagendas bly om die Direkteur: Finansiële Dienste geleentheid te bied om meer inligting aan die Raad deur te gee.

8.6.2 Dat goedkeuring verleen word dat Crawfords Prokureurs gebruik word om die Raad te help om die ongemagtigde bank debiete in te win.

**8.7 MS. NC MATAI: REQUEST FOR BEAUFORT WEST COUNCIL TO WRITE-OFF LEGAL DEBT FOR PLOTS 113 AND 114 KWA-MANDLENKOSI TOWNSHIP**
5/10/5; 5/14/1

aa Councillor G de Vos seconded by Councillor M Furmen proposed that the request to write-off the legal debt for plots 113 and 114, Kwa-Mandlenkosi Township be approved.

Councillor DE Welgemoed seconded by Councillor AD Willemse proposed that the request to write-off the legal debt for plots 113 and 114, Kwa-Mandlenkosi Township not be approved.

The Speaker bring both proposals to a vote and the results are as follows:-

**4** votes for the proposal of Councillor DE Welgemoed seconded by Councillor AD Willemse.
**6** votes for the proposal of Councillor G de Vos seconded by Councillor M Furmen.

**THUS RESOLVED**

**8.8 VEILING: HYDROPONICS**
7/1/1

**BESLUIT**

dkd

Dat goedkeuring verleen word dat daar verdere pogings aangewend word om die Hydroponics Projek te aktiveer deur tenders met ontwikkelingsvoorstelle te adverteer. Voorts dat die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit dienooreenkomstig van die Raad se besluit ingelig word.

**8.9 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND TUSSEN ERF 143 EN DIE LYKSHUIS TE MERWEVILLE**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba Dat die waardasieverslag van Boland Waardeerders tewete R20.00 per m² as minimum verkoopprys goedgekeur word.

**8.10 TENDERS: CORP 13/2008 EN DID 01/2008: SA TOLLING: MR. J. KUMKARAN**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word dat die transaksie gekanselleer word op grond van die feit dat die koper geen vordering toon met die afhandeling van die omgewingsimpakstudie nie.

**8.11 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VERSKEIE WOONERWE TE ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

ba

Raadslid G de Vos gesekondeer Raadslid M Furmen stel voor dat die woonerwe te Essopville uit die hand uit aan die hoogste aanbod te koop aangebied word teen die waardeerde markwaarde.

**8.12 VERKOOP VAN VAKANTE RESIDENSIëLE ERWE: ERF 3492: MYNHARDTSTRAAT 5, BEAUFORT-WES**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat die aanbod van Mnr. T. Flocken vir die aankoop van erf 3492 ten bedrae van R105,200.00 BTW ingesluit, goedgekeur en aanvaar word.

## 8.13 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VAKANTE WOONERWE: LANDE AREA

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

8.13.1 Dat die ekwivalente offer van Mnr. T. Calvert vir erf 5122, Joostestraat 1 ten bedrae van R8,800.00 BTW ingesluit goedgekeur en aanvaar word omrede mnr. Calvert ingevolge die Raad se huidige beleid geag ŉ arm persoon te wees.

8.13.2 Dat die aanbod van Mnr. M. Hassen vir erf 5123,Gamkastraat 8 ten bedrae van R12,000.00 BTW ingesluit, goedgekeur en aanvaar word.

## 8.14 VERKOOP VAN VAKANTE RESIDENSIëLE ERF 4492, RUSTDENE, BEAUFORT-WES

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat aangesien mnr. A.W. Carelse die enigste persoon is wat 'n aanbod vir die aankoop van erf 4492 ingedien het, goedkeuring verleen word dat erf 4492 vir die bedrag van R17,100.00 BTW ingesluit aan mnr. A.W. Carelse verkoop mag word.

## 8.15 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 220: MERWEVILLE: F. KLINK

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word dat Erf 220, Merweville uit die hand uit aan mnr. Klink teen markwaarde verkoop word.

## 8.16 KANSELLASIE VAN KOOPTRANSAKSIE: ERF 4474: BAS STEENKAMP

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word dat die transaksie ten opsigte van erf 4474 kanselleer word en dat die Munisipaliteit die geld behou totdat hy ŉ geleentheid kry om ŉ bod in te sit vir ŉ erf in Essopville.

## 8.17 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 225: LANGSTRAAT: MERWEVILLE: MNR. DMP JOACHIM

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba 8.17.1 Dat goedkeuring verleen word dat erf 225, Langstraat, Merweville aan mnr. DMP Joachim ingevolge die R7 500.00 Afslagskema verkoop mag word.

8.17.2 Dat die sonering en boulyne soos van toepassing op erf 225 gehandhaaf word.

**8.18 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 347: MURRAYSBURG: DIE BLYE BOODSKAPPERS GEMEENTE**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word dat die erf per openbare kennisgewing uit die hand uit te koop aangebied word teen die minimum bedrag van die markwaarde, naamlik R40,000.00 BTW uitgesluit. Voorts dat die suksesvolle koper die koste van hersonering en sluiting dra.

**8.19 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 760 KWA-MANDLENKOSI: PENTCOASTAL UPPER HALL OF SOUTH AFRICA**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk Dat hierdie aangeleentheid oorstaan om die Speaker 'n geleentheid te gun om binne 14 dae met die Pentcoastal Upper Hall of South Africa se Kerkraad in gesprek tree, en weer na die Raad verwys word.

**8.20 AANSOEK OM AANKOOP VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 249, PELICANSTRAAT: MURRAYSBURG: DIE WARE HEILIGE EVANGELIE SENDING VAN NUWE HOOP**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word dat erf 249, Pelicanstraat, Murraysburg uit die hand uit aan Die Ware Heilige Evangelie Sending van Nuwe Hoop te koop aangebied word teen die waardeerde markwaarde. Voorts dat die suksesvolle koper verantwoordelik sal wees vir die hersonering- en onderverdelingskoste.

**8.21 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT: MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: FEBRUARY 2015**
8/1/1/2/3

**NOTED**

**8.22 SALGA GOVERNANCE STRUCTURE AND ATTENDANCE AT SALGA MEETINGS: JANUARY – MARCH 2015 (QUARTER 4)**
10/3/2/3/4

**NOTED**

**8.23 TARIEWE VIR GRONDGEBRUIKBEPLANNING AANSOEKE INGEVOLGE DIE VERORDENING INSAKE GRONDGEBRUIKBEPLANNING, KENNISGEWING 73/2015**
12/1/B; 12/4/4/B

**BESLUIT**

kk Dat hierdie item na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

## 8.24 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 8552: RIVER OLIVE: SCHUBERT SINGEL 27: BEAUFORT-WES: S.J. JACOBS

12/3/2

**BESLUIT**

kk Dat hierdie item na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

## 8.25 AANSOEK OM AFWYKING VAN DORPSAANLEGSKEMA: GEDEELTE 2 VAN PLAAS 158, LEMOENFONTEIN: BEAUFORT-WES

12/3/3

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) vir 'n afwyking vir 'n leengroef op Gedeelte 2 van die Plaas 158, Lemoenfontein, Beaufort-Wes onderworpe aan die volgende voorwaardes:

8.25.1 Dat tydelike verkeersborde geïnstalleer moet word vir die regulering van die verkeer.

8.25.2 Dat die grond gedeeltes op gereelde basis natgemaak moet word om stof in die area te vermy.

8.25.3 Dat na die ontginningsproses van die leengroef die grond so verwerk moet word dat die groef dien as 'n wateropvangspunt.

## 8.26 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 5102: GAMKASTRAAT 2, LANDE: BEAUFORT-WES

12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 16 van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die hersonering van erf 5102 vanaf Residensiële Sone I na Oopruimte Sone I. Voorts dat erf 5102 as Openbare Plek geregistreer word.

## 8.27 AANSOEK OM OORDRAG EN KONSOLIDASIE VAN ERWE 2199 EN 2200 KWA-MANDLENKOSI: MNR. R. NGONDO

12/4/5/2

**BESLUIT**

ba

Dat erwe 2199 en 2200 op koste van mnr. R. Ngondo konsolideer word en die konsolideerde erf deur middel van die Uitgebreide Kapitale Afslagskema aan hom verkoop word onderworpe daaraan dat mnr. Ngondo vir subsidie kwalifiseer.

**8.28 AANSOEK VIR DIE OPRIG VAN 'N GRENSMUUR: HOOGTE OORSKRYDING: ERWE 406 EN 407: DONKIN COUNTRY HOUSE: MNR. AFC ARNOLDI**
12/4/6/3/1

**BESLUIT**

ba

8.28.1 Dat die aansoek van mnr. AFC Arnoldi vir die oprig van 'n 3.3 meter hoë grensmuur op die straatgrens van erwe 406 en 407 goedgekeur word onderworpe daaraan dat die nodige bouplanne ingedien word.

8.28.2 Dat oorweging van aansoeke vir die oprig van grensmure hoër as 2 meter aan die Direkteur: Ingenieursdienste gedelegeer word.

**8.29 VERSLAPPING VAN KANTBOULYN: ERF 1304: SETLAARSTRAAT 1304: MURRAYSBURG: S. PIKE**
12/4/6/3/1; 12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba

8.29.1 Dat goedkeuring ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(1)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die verslapping van die noordelike kantboulyn op erf 1304 na 0 m soos opgelê kragtens die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes ten einde die bestaande motorhuis te vergroot.

8.29.2 Dat goedkeuring verleen word vir die oorskryding van die straatgrens met 900 mm ten opsigte van erf 1304 vir die oprig van die dakoorhang van die motorhuis. Voorts dat die oorskryding notarieel, op koste van die eienaar, geregistreer word.

**8.30 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 3642: BEAUFORT-WES: PIETER SENEKAL**
12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba Dat in beginsel goedkeuring verleen word dat erf 3642 aan mnr. P. Senekal vervreem word, ten einde 'n waardasie op die eiendom te laat uitvoer.

**8.31 AANSOEK OM VERSLAPPING VAN OOSTELIKE KANTBOULYN: ERF 1842, DANIE THERONSTRAAT 47: BEAUFORT-WES: A.C. THERON**
12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(1)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die verslapping van die oostelike kantboulyn op erf 1842 na 0 m soos opgelê kragtens die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes ten einde die bestaande afdak te verleng.

**8.32 NOTULE/VERSLAG VAN ‘N UITGEBREIDE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMIMTEE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 10 APRIL 2015**
3/2/1/B

**BESLUIT**

Dat die notule/verslag van die Uitgebreide Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering soos gehou op Vrydag 10 April 2015 soos uiteengesit op Bylae 359 tot 365 van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**8.33 MINUTES/REPORT OF THE TRAINING COMMITTEE HELD ON THURSDAY 9 APRIL 2015**
3/2/1/B

**RESOLVED**

That the minutes/report of the Training Committee meeting which was held on Thursday 9 April 2015 attached as Annexure 366 to 368 of the agenda, be accepted and approved.

**8.34 MINUTES/REPORT OF AN AD-HOC COMMITTEE MEETING HELD ON THURSDAY 7 MAY 2015**
3/2/1/B

**RESOLVED**

That the minutes/report of an Ad-Hoc Committee meeting held on Thursday 7 May 2015 attached as Annexure 369 of the agenda, be accepted and approved.

**8.35 STATUS REPORT: PRESENTATION: ALTERNATIVE SOURCES OF ENERGY**
13/2/5/3

**KENNIS GENEEM**

**8.36 WESTERN CAPE GOVERNMENT: DIRECTORATE: MUNICIPAL SUPPORT AND CAPACITY BUILDING: IMPLEMENTATION OF THE BACK TO BASICS PROGRAMME: BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
2/1

**RESOLVED**

That the implementation of the Back to Basics Programme for the Beaufort West Municipality, be approved.

**8.37 KONDONERING VIR REGSTELLINGS: JAARLIKSE VOORRAADOPNAME: 2014/2015**
6/1/1/1

**BESLUIT**

dkd Dat kondonering verleen word vir die regstelling van alle tekorte en surplusse wat gevind was tydens die 2014/2015 voorraadopname op 20 Junie 2015. Voorts dat die finale voorraadverslag aan die Raad voorgelê word.

**8.38 BESKIKBAARHEID VAN MUNISIPALE WONINGS: SENIORSTRAAT 1 & LOMBAARDSTRAAT 6**
7/1/4

**BESLUIT**

kk Dat dat hierdie item na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

**8.39 REVIEW: FINANCE POLICIES**
5/1/B

That the Financial Policies already been approved at a Council meeting held on 30 June 2015.

**NOTED**

**VERDERE ADDENDUM-AGENDA**

**8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**8.43 HERSIENING VAN BOETELYS EN BEPALING VAN BOETES**
1/1/B

**BESLUIT**

ba 8.43.1 Dat die boetelys soos vervat in die Agenda op Bylae 764 – 767, goedgekeur word.

dkd 8.43.2 Dat die Verordening insake Elektrisiteit by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word, vir bespreking.

**8.44 LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL SYSTEMS ACT (32/2000): TOTAL REMUNERATION PACKAGES PAYABLE TO MUNICIPAL MANAGERS AND MANAGERS DIRECTLY ACCOUNTABLE TO MUNICIPAL MANAGER**
4/2/B

**NOTED**

**8.45 MFMA: SECTION 66: EXPENDITURE ON STAFF BENEFITS**
5/1/2/4

ba Councillor G de Vos seconded by Councillor M Furmen proposed that the Section 66 of the MFMA on the Expenditure on Staff Benefits be approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.46 MFMA: SECTION 11(4): WITHDRAWALS FROM MUNICIPAL BANK ACCOUNTS**
5/1/2/4

ba That that Section 11(4) of the MFMA with regards to the Withdrawals from the Municipal Bank Account be approved .

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.47 DONASIE/ BORG TEN OPSIGTE VAN BURGEMEESTERS GHOLFDAG: LAINGSBURG MUNISIPALITEIT**
3/6/1

Raadslid G Adolph stel voor:
mb // dkd

8.47.1 Dat goedkeuring verleen word dat Beaufort-Wes Munisipaliteit die registrasiefooie van raadslede en amptenare wie daarin belangstel om die Burgemeesters Gholfdag by te woon tot 'n maksimum van R8,000.00 aan die Laingsburg Munisipaliteit oorbetaal as bydrae van die Beaufort-Wes Munisipaliteit tot die Burgemeesters Gholfdag.

8.47.2 Dat indien daar privaat persone is wie daarin belangstel om die Burgemeesters Gholfdag by te woon, sodaniges se registrasiefooie ook betaal mag word uit die goedgekeurde bedrag van R8,000.00, nadat alle munisipale relevante persone geakkommodeer is.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.48 ONE STOP CENTRE / CIVIC CENTRE FOR BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: OFFICES**
5/1/2/4

**NOTED**

**8.49 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORTS: MAY 2015**
8/1/1/2/3

Councillor G de Vos seconded by Councillor L Deyce proposed that the Monthly Implementation Report for the month of May 2015 be approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.50 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: 4th QUARTER: 01 APRIL – 30 JUNE 2015**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd That the 4th Quarter Supply Chain Management Implementation Report from 01 April till 30 June 2015, be accepted and approved.

**8.51 FACILITATORS PROPOSALS: WAGE DISPUTE BETWEEN SAMWU AND SALGA / IMATU – CASE NR. HQ 061506**
10/3/1/1/8

The Municipal Manager informs Council that, the Municipality is experiencing financial and cash flow constraints. Furthermore that with the Annual Salary negotiations still continuing the implications is that the Municipality will be expected to pay back with the increase percentage which will be difficult to meet with the current financial constraints.

The Municipal Manager therefore requested that Council should in the meantime implement a 5% increase and pay difference if any when the negotiations have been concluded.

**RESOVLED**

dkd

8.51.1 That a 5% increase be implemented backdated to 01 July 2015 and the difference of the agreed percentage be paid after the negotiations have been finalised at the Bargaining Council.

mb 8.51.2 That the Municipal Manager convene a meeting with both Labour Unions to inform them of paragraph 8.51.1.

**8.52 RUSTDENE: THUSONG CENTRE: STAFF COMPONENT: ADMINISTRATIVE SUPPORT/ CLEANER**
10/3/3/5/10

**RESOLVED**

bpd

8.52.1 That the organogram of the Department be amended in order to accommodate positions of Administrative Support / Cleaner x 2 at the Thusong Centre.

8.52.2 That job descriptions be approved and referred to TASK for evaluation.

8.52.3 That Miss Daniëls and Salmon be appointed on T4 respectively starting 01 August 2015 and not be retrospectively.

8.52.4 That provision be made in the 2015/2016 Adjustment Budget for the expenditure of the two positions.

8.52.5 That a list of all assets be tabled at the next Special Council meeting.

Die Speaker meld aan die vergadering dat aangesien die nommering van die addendum-agenda nie korrek is nie, hierdie items na die eersvolgende Spesiale Raad verwys word vir bespreking.

**8.53 VARKBOERE EN BYE BOERE**
7/3/4/1/1

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat daar persone is wie belangstel om met varke en bye te boer en hulp nodig het om hul besigheid op die been te bring, waarna die Raad soos volg:-

**BESLUIT**

dkd Dat goedkeuring verleen word dat grond geïdentifiseer word waar die persone hul besigheid kan voortsit.

**8.54 KOSTEBERAMING VAN KONSTRUKSIE WERKE TE RUSTENE SPORTSGRONDE**
6/1/1/1; 14/9/1

Die Speaker hou ‘n memorandum dateer 22 Julie 2015 ontvang van die Direkteur: Ingenieursdienste met betrekking tot ŉ kosteberaming wat gedoen is om konstruksiewerk by die Rustdene Sportsgronde gedurende die 2015/2016 finansiële jaar te verrig, en is soos volg:-

**BESLUIT**

dkd Dat goedkeuring verleen word dat die onderstaande konstruksiewerke uit die 2015/2016 MIG begroting by die Rustdene Sportsgronde soos volg aangebring word:

| | |
|---|---|
| Aanbouings aan Pub voorportaal | R142 841.43 |
| Omheiningsmuur by Pub | R 38 137.86 |
| Teel van ingangsportaal en trappe van stadium | R 71 136.34 |
| Vervang van vandalisme bestaande toiletpotte en Keramiek gekoppelde (close coupled) toilet | R135 000.00 |
| Veiligheidshekke ens. | R 22 800.00 |
| 15% Onvoorsiene Gebeurlikhede | R 43 580.00 |

**8.55 HOENDERBOERDERY**
7/3/4/1/1

Die Speaker meld dat die aangeleentheid met betrekking tot die aansoek om grond van Raadslid Van der Linde afgehandel moet word.

**BESLUIT**

Dat Raadslid Van der Linde 'n skrywe aan die Raad moet rig ten einde die aangeleentheid tydens 'n Raadsvergadering te bespreek.

Die vergadering sluit om **15:10**.

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

_________________________________
**SM Motsoane**
**SPEAKER**